Die leraar se gawes

Rom 12:3-8:

[6]*Ons het genadegawes wat van mekaar verskil volgens die genade wat God aan elkeen van ons gegee het.*

As dit die gawe van profesie is, laat ons dit gebruik in ooreenstemming met die

geloof wat ons bely.

[7]*As dit is om te dien, laat ons dien.*

As dit is om onderrig te gee, laat ons onderrig gee.

[8]*As dit is om mense te bemoedig, laat ons hulle bemoedig.*

As ons gee, laat dit sonder bybedoelings wees.

As ons leiding gee, dan met toewyding.

As ons ander help, dan met blymoedigheid.

Elkeen van ons het ten minste een (gewoonlik meer) geestelike gawes. (1 Kor 12:7). Ons almal kan dus 'n verskil en rimpels maak.

God roep mense tot die bediening en skenk gawes in oormaat ook aan leraars. Konsentreer op die gawes en passie wat jy as leraar ontvang het en jy sal waarskynlik baie meer vervulling en vreugde in die bediening ondervind en vir die kerk tot groter seën wees.

Dit is nie nodig dat die leraar alles moet doen nie. Dit is goed om te weet waar jou grense is. Só raak jy as leraar vry en die druk word minder.

- Maak dus seker dat jy weet wat jou gawe/s is
- Wees bly en waardeer jou gawes
- Dank God daarvoor.
- Wees wie jy in Christus is.
- Stel jou gawes is Sy diens
- Wees toegewyd en verbind jouself aan jou roeping